



Travel with stories

Books don't just have words and pictures in them. They are filled with adventure – new places to go and new people to meet! One way you and your children can travel to new places every day, is through reading stories together. Some of the places you'll travel to may be imaginary, while others may be real. Either way, your children will learn lots without even realising it!

Reis met stories

Boeke bestaan nie net uit woorde en prente nie. Hulle is propvol avontuur – nuwe plekke om te ontdek en nuwe mense om te ontmoet! Een manier waarop jy en jou kinders elke dag na nuwe plekke kan reis, is om saam stories te lees. Sommige van die plekke waarheen julle sal reis, sal denkbeeldig wees, terwyl ander werklik kan wees. Hoe dit ook al sy, jou kinders sal baie leer sonder dat hulle dit eens beseft!

BENEFITS OF READING STORIES ABOUT NEW PLACES

1. Some stories about new places may have words from other languages in them, so you could learn how to say things in another language.
2. Stories can show us how people from different places are similar and different to us at the same time! No matter how different our daily lives are, we are all the same in some ways. We all need to be loved and to love, and we all need a safe place to live and enough food to eat.
3. Some stories introduce you to new things you might want to try! Reading about new foods or games may encourage you to try them. Or, reading a story set in a place different to where you live, may make you want to travel there one day!
4. Stories about nature help us see how all living things work together to keep our planet alive. They take us to places we sometimes forget about as we lead our busy lives.

VOORDELE VAN STORIES OOR NUWE PLEKKE

1. Sommige stories oor nuwe plekke kan woorde uit ander tale bevat, en jy kan dus leer hoe om dinge in 'n ander taal te sê.
2. Stories kan vir ons wys hoe mense van verskillende plekke tegelyk dieselfde en anders as ons kan wees! Ongeag hoe baie ons daaglikse lewens van mekaar verskil, ons is almal op sekere maniere dieselfde. Ons smag almal na liefde en om lief te hê, en ons het almal 'n veilige plek om te woon en genoeg kos om te eet nodig.
3. Sommige stories stel jou bekend aan nuwe dinge wat jy dalk wil probeer! Om oor nuwe kos of speletjies te lees, kan jou dalk aanmoedig om dit te probeer. Of as jy 'n storie lees oor 'n ander plek as die plek waar jy woon, sal jy dalk eendag daarheen wil reis!
4. Stories oor die natuur help ons om te sien hoe alle lewende dinge saamwerk om ons planeet lewendig te hou. Stories neem ons na plekke waarvan ons soms as gevolg van ons besige lewens vergeet.




Are you looking for stories to share with your children? We've got lots of free stories in different South African languages! Visit www.nalibali.org.

Is jy op soek na stories om met jou kinders te deel? Ons het baie gratis stories in verskillende Suid-Afrikaanse tale! Gaan na www.nalibali.org.

Stories that take you places

Some of the kinds of stories that let your mind travel, are:

- ★ stories set in parts of South Africa that you have never visited
- ★ stories written by authors from other African countries
- ★ stories set long ago when the world around us was very different to how it is today
- ★ fantasy stories set in magical places.



Drive your
imagination

Stories wat jou na plekke toe neem

Stories wat jou toelaat om in jou gedagtes te reis, is:

- ★ stories wat afspeel in dele van Suid-Afrika wat jy nog nooit besoek het nie
- ★ stories wat geskryf is deur skrywers uit ander Afrikalande
- ★ stories wat lank gelede afspeel toe die wêreld om ons baie anders was as wat dit vandag is
- ★ fantasieverhale wat op betowerde plekke afspeel.



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Get creative!

Have you ever used puppets to tell a story? Using puppets is a great way to get children involved in retelling stories that they know, and can also help them make up their own stories! And there are other benefits for children too.

Here are some of the benefits of using puppets for storytelling as well as ideas for easy ways to make puppets with children.

5 benefits of using puppets

When you and your children use puppets to tell stories, it:

- ✓ stimulates their imagination and encourages them to be creative
- ✓ helps increase their confidence to speak to others
- ✓ develops their language and vocabulary
- ✓ gives them practice at working with stories, which helps them when they read and write stories
- ✓ helps them learn how to work together with others.



Wees kreatief!



Het jy al ooit handpoppe gebruik om 'n storie te vertel? Om handpoppe te gebruik is 'n wonderlike manier om kinders te betrek by die oorvertel van stories wat hulle ken, en kan hulle ook help om hul eie stories op te maak! En dit hou ook ander voordele vir kinders in.

Hier volg van die voordele wanneer handpoppe gebruik word om stories te vertel, en ook idees vir maklike maniere om handpoppe saam met kinders te maak.

5 voordele van handpoppe

Wanneer jy en jou kinders handpoppe gebruik om stories te vertel:

- ✓ stimuleer dit hul verbeelding en moedig hulle aan om kreatief te wees
- ✓ gee dit hulle meer selfvertroue om met ander mense te praat
- ✓ help dit om hul taal en woordeskat te ontwikkel
- ✓ gee dit hulle die geleentheid om met stories te werk, en hierdie ondervindings help hulle wanneer hulle self stories lees en skryf
- ✓ help dit hulle om te leer hoe om met ander saam te werk.

How to make a sock puppet Hoe om 'n sokkiepop te maak

What you need

- ✂ an old sock
- ✂ koki pens
- ✂ buttons or cardboard
- ✂ a needle and thread (optional)
- ✂ glue
- ✂ wool

Wat jy benodig

- ✂ 'n ou sokkie
- ✂ viltpenne
- ✂ knope of karton
- ✂ 'n naald en gare (opsioneel)
- ✂ gom
- ✂ wol

What to do

Wat om te doen

1.



1. Find a clean sock and put your hand inside it. Use a koki to draw two dots where the eyes will go and one where the nose will go.
1. Neem 'n skoon sokkie en trek dit oor jou hand. Gebruik 'n viltpen om twee kolletjies te maak waar die oë sal wees en een waar die neus sal wees.

2.



2. Glue or sew some buttons onto the sock where you made the marks for the eyes and nose. If you don't have buttons, cut out some small round shapes from cardboard and colour them in.
2. Plak knope met gom vas of werk dit vas op die merkies wat jy vir die oë en neus gemaak het. As jy nie knope het nie, knip klein ronde vorms uit karton en kleur dit in.

3.



3. Draw on some eyebrows with a koki or glue on some wool or thin strips of paper. Put glue on some wool - this will be your puppet's hair.
3. Teken wenkbroue met 'n viltpen of plak wol of dun strokies papier op die sokkie vas. Smeer gom aan 'n paar stukkie wol - dit sal jou sokkiepop se hare wees.

4.



4. Put your hand inside the puppet as you glue on the hair. Enjoy using your puppet!
4. Trek die sokkie oor jou hand wanneer jy die hare vasplak. Geniet dit om jou sokkiepop te gebruik!

How to make a paper bag puppet Hoe om 'n papiersakpop te maak

What you need

- ✂ a paper bag
- ✂ koki pens
- ✂ crayons/pencil crayons
- ✂ paper
- ✂ glue
- ✂ cotton wool/wool/string
- ✂ fabric scraps (optional)
- ✂ beads (optional)
- ✂ feathers (optional)

Wat jy benodig

- ✂ 'n papiersak
- ✂ viltpenne
- ✂ vetkryte/potloodkryte
- ✂ papier
- ✂ gom
- ✂ watte/wol/tou
- ✂ afvallappies (opsioneel)
- ✂ krale (opsioneel)
- ✂ vere (opsioneel)

What to do

Wat om te doen

1.



1. Lay the paper bag on a table with the flap facing up.
1. Plaas 'n papiersak op 'n tafel met die flap wat boontoe wys.

2.



2. Start by creating the mouth. Draw or paste the upper lip on the flap. Draw or paste the lower lip on the main part of the bag, where it meets the flap.
2. Begin met die mond. Teken of plak die bolip op die flap. Teken of plak die onderlip op die sak self, net onder die rand van die flap.



Drive your
imagination

3.



3. Draw the eyes, eyebrows and nose on the flap. Or draw them on scrap paper, cut them out and paste them onto the flap.

3. Teken die oë, wenkbroue en neus op die flap. Of teken dit op afvalpapier, knip dit uit en plak dit op die flap vas.

4.



4. Open the flap. Draw a tongue on some paper and then glue it onto the mouth, in the part that is under the flap.

4. Maak die flap oop. Teken 'n tong op papier en plak dit dan op die mond vas, op die deel onder die flap.

5.



5. Draw the puppet's body on the main part of the bag. For people, draw the outline of their clothes and colour them in. For animals, outline the patterns on their bodies and then colour them in. You could also glue bits of coloured paper, beads, feathers or fabric scraps to the bag to make the body of your puppet.

5. Teken die pop se lyf op die onderste deel van die sak. Vir mense kan jy die buitelyne van hul klere teken en dit dan inkleur. Vir diere kan jy die buitelyne van die patrone op hul lywe teken en dit dan inkleur. Jy kan ook stukkies gekleurde papier, krale, vere of afvallappies op die sak vasplak om jou pop se lyf te maak.

6.



6. Finish off your puppet by gluing wool, cotton wool or string to the bag to make hair, a moustache and/or a beard.

6. Rond jou pop af deur wol, watte of tou aan die sak vas te plak om hare, 'n snor en/of 'n baard te maak.

Photos/Foto's: Chêlan Naicker

Collect the Na'ibali characters

Cut out and keep all your favourite Na'ibali characters and then use them to create your own pictures, posters, stories or anything else you can think of!

About Noodle

Age: 3 years old


Lives with: Bella and her mom

Favourite snack: dog biscuits

Favourite drink: water

Favourite places to visit: anywhere he can run around and dig holes

Books he likes: stories with animal noises, especially those with barking dogs



Versamel die Na'ibali-karakters

Versamel al jou gunsteling Na'ibali-karakters deur hulle uit te knip en dan te gebruik om jou eie prente, plakkate, stories, of enigiets anders waaraan jy kan dink, te maak!

Oor Noodle

Ouderdom: 3 jaar oud

Woon saam met: Bella en haar ma

Gunstelinghappie: hondebeskuitjies

Gunstelingdrankie: water

Gunstelingplek om te besoek: enige plek waar hy kan hardloop en gate grawe

Boeke waarvan hy hou: stories met dieregeluide, veral dié met blaffende honde

Here's an idea ...

- ✂ Cut out and colour in the picture of Noodle and paste it on a large sheet of paper. Then do one or more of the following things.
- 🌀 Draw a thought bubble and then draw a picture inside it to show what Noodle is thinking about. (Clue: Use the information about his favourite things to help you!)
- 🌀 Draw a picture of Bella sitting next to Noodle and reading him a story.
- ✂ Keep the picture in a safe place and when you have collected all the Na'ibali characters, use them to create your own Na'ibali poster!

Hier's 'n idee ...

- ✂ Knip die prent van Noodle uit, kleur dit in en plak dit op 'n groot vel papier. Doen dan een of meer van die volgende dinge.
- 🌀 Teken 'n dinkborrel en teken dan 'n prentjie binne-in om te wys waaraan Noodle dink. (Leidraad: Gebruik die inligting oor sy gunstelingdinge om jou te help!)
- 🌀 Teken 'n prent van Bella wat langs Noodle sit en vir hom 'n storie lees.
- ✂ Bêre die prent op 'n veilige plek, en wanneer jy al die Na'ibali-karakters versamel het, gebruik dit om jou eie Na'ibali-plakkaat te maak!

WIN!
WEN!



For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *Mali's friend* (pages 7 to 10), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Mali se maat* (bladsye 7 tot 10), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur vir ons 'n twiet by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.

book
dash



Drive your
imagination

Here are some of the reviews that our readers have sent us of stories that have appeared in past **Nal'ibali Supplements**. What have been your favourite stories? Write to us and let us know!

Hier volg van die resensies wat ons lesers vir ons gestuur het van stories wat in vorige **Nal'ibali**-bylaes verskyn het. Wat was jou gunstelingstories? Skryf aan ons en vertel vir ons!

Dear Nal'ibali

I have a four-year-old boy and a two-year-old girl. We always read the stories in the Nal'ibali Supplement.

The story, *Auntie Boi's gift* (Edition 155), is a phenomenal story about a girl going to town for the first time. It takes us on the journey of a girl and all her exciting experiences. It teaches the child about safety in a car by using the seatbelt and about what one finds in town. It shows a post office and the present for Kopano and Rea is two beautiful dolls dressed in African attire. Yeah!!! Well done.

Justin Brown



Dear Nal'ibali ... Beste Nal'ibali ...

WRITE TO US! SKRYF AAN ONS!

The Nal'ibali Supplement
The Nal'ibali Trust
Suite 17-201, Building 17
Waverley Business Park
Wycroft Road
Mowbray
7700

info@nalibali.org



Beste Nal'ibali

Ek het 'n vierjarige seuntjie en 'n tweejarige dogtertjie. Ons lees altyd die stories in die Nal'ibali-bylae.

Die storie, *Tannie Boi se geskenk* (Uitgawe 155), is 'n wonderlike storie oor 'n jong meisie wat vir die eerste keer stad toe gaan. Dit neem ons op 'n reis van 'n meisie en al haar opwindende ervarings. Dit leer die kind van veiligheid in 'n motor deur die veiligheids gordel te gebruik, en oor wat 'n mens in die stad vind. Dit wys 'n poskantoor en die geskenk wat Kopano en Rea ontvang, is twee pragtige poppe in Afrika-klere. Mooi so!

Justin Brown



Beste Nal'ibali

Hoop dit gaan goed. Hier is ons leesklub se resensie van die storie, *Klein Bokkie* (Uitgawe 154).

- ★ **Oor wie gaan die storie?** Klein Bokkie en Mamma Bok
- ★ **Watter woorde sal julle gebruik om die hoofkarakter te beskryf?** Wit met bruin vlekke, onverskillig, stout, klein oortjies en toe oë, hou van gras, vasberade en dapper
- ★ **Wat was die vreesaanjaendste, hartseerste, snaaksste of interessantste deel van die storie?** Hartseerste: Mamma Bok was bekommerd dat Klein Bokkie verlore geraak het.
- ★ **Waarom dink julle het die skrywer hierdie titel vir die storie gekies?** Die storie gaan oor 'n klein bokkie, gras en bokke wat gras vreet.
- ★ **Sal julle daarvan hou om 'n karakter in die storie te wees? Hoekom of hoekom nie?** Ja, ons wil ook so vasberade en dapper soos die klein bokkie wees. Nee, ons wil nie bokke wees nie.
- ★ **Sal julle hierdie storie vir 'n maat aanbeveel? Hoekom of hoekom nie?** Ja, dit is 'n oulike en snaakse storie, jy kan die storie in albei tale lees, en dit leer jou van veiligheid en om nie te ver van jou ma af weg te dwaal nie.

Love4Reading, Uviwe-leesklub



Dear Nal'ibali

Hope this email finds you in good health. Here is our reading club's review of the story, *Little Goat* (Edition 154).

- ★ **Who is the story about?** Little Goat and Mother Goat
- ★ **What words would you use to describe the main character?** White with brown patches, careless, naughty, small ears and closed eyes, loves grass, determined and brave
- ★ **What was the scariest, saddest, funniest or most interesting part of the story?** Saddest: Mother Goat worried that Little Goat was gone.
- ★ **Why do you think the author chose the title for this story?** The story is about a little goat, grass and goats eating grass.
- ★ **Would you like to be a character from the story? Why or why not?** Yes, we also want to be as determined and brave as the little goat. No, we don't want to be a goat.
- ★ **Would you recommend this story to a friend? Why or why not?** Yes, it's a cool and funny story, you can read the story in both languages, and it teaches you about safety and not to go far from your mom.

Love4Reading, Uviwe Reading Club

Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.




Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your
imagination



Plants help me to breathe.
Plante help my asemhaal.

As ek die boom brand, brand ek myself.



When I burn the tree, I burn myself.



This is an adapted version of *I am earth*, published by New Africa Books and available in bookstores and online from www.newafricanbooks.com, www.loot.co.za and www.takealot.com. This story is available in the eleven official South African languages and is part of the New African Stories series – a series of beautifully illustrated children's stories collected from across Africa.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Ek is aarde*, uitgegee deur New Africa Books en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.newafricanbooks.com, www.loot.co.za en www.takealot.com. Hierdie storie is in die elf amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar en is deel van die reeks, Nuwe Stories uit Afrika – 'n reeks pragtig geïllustreerde kinderstories van oral oor Afrika.

dp davidphilip
Trading as **New Africa Books**

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi

I am earth Ek is aarde

Thembinkosi Kohli
Elna van der Merwe



**Drive your
imagination**




I am the tree.
Ek is die boom.



Insects help the earth to breathe.

Insekte help die aarde asemhaal.



I sleep under a tree.
Ek slaap onder 'n boom.



I see a bird.
Ek sien 'n voël.



We are the earth!
Ons is aarde!

6

hy geniet dit nie.

Mali probeer weer. Maar

does not enjoy himself.

Once again, Mali tries. But he

“Mali, go out and play *maphonselana* with the others.”

“Mali, gaan buitentoe en gaan speel *maphonselana* saam met die ander.”

Gogo tries one more time,

Gogo probeer nog 'n keer:

8

Lots more free books at bookdash.org

Mali's friend Mali se maat

Rujeko Moyo
Ellen Heydenrych
RJ Palmer



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi





Mali enjoys playing by himself. He likes to be a pilot, swooshing around the house with his paper plane. *Swoosh! Swoosh! Swoosh!*

Mali hou daarvan om alleen te speel. Hy hou daarvan om 'n vlieënier te wees, en in die huis rond te swoesj met sy papiervliegtuig. *Swoesj! Swoesj! Swoesj!*




There is a knock on the door. *Ko!Ko!Ko!*

It's Lesedi from next door! She has come to play. Mali is shy. He does not know how to play with Lesedi. She asks him if he would like to make mud pies and cakes.

Daar is 'n klop aan die deur. *Klop!Klop!Klop!*

Dis Lesedi van langsaan! Sy kom speel. Mali is skaam. Hy weet nie hoe om met Lesedi te speel nie. Sy vra hom of hy modderpasteie en modderkoeke wil maak.

Hulle maak modderpasteie en modderkoeke en selfs pannekoeke en kleinkekies. Mali geniet dit baie.



he laughs.

lag hy.






Mali tries again. But he does not enjoy himself.
Mali probeer weer. Maar hy geniet dit nie.

“Mali, look, the children are playing *ibhathi*. Go out and play.”
“Mali, kyk, die kinders speel *ibhathi*. Gaan buitentoe en gaan speel saam.”

Gogo says,
Gogo sê:

Then a taxi driver, hooting around the yard with his wire car. *Beep! Beep! Beeeeeeeeeep!*
Mali never goes out to play with others.

Dan is hy ’n taxibestuurder, en toet in die erf rond met sy draadkar. *Toet! Toet! Tooouuuueet!*
Mali gaan nooit uit om met ander kinders te speel nie.



Die volgende dag kom Lesedi weer terug. Sy wys vir Mali hoe om *ingedo* te speel. Mali sukkel om die klippies te gooi, te beweeg en te vang. Maar hy raak algaande beter daarmee. Hy geniet dit sommer baie.

The next day, Lesedi comes back again. She shows Mali how to play *ingedo*. Mali has trouble throwing, moving and catching the stones. But he gets better at the game. He enjoys himself very much.

The next morning, after gobbling down his porridge, Mali takes out his wire car.


Die volgende oggend eet Mali sy pap vinnig op en gaan haal sy draadkar uit.



“Where are you going, Mali?”
“Waarheen gaan jy, Mali?”

asks Gogo.
vra Gogo.





Maar Mali geniet dit nie.
But Mali does not enjoy himself.

“Mali, go out and play *ibhola* with the others.”
“Mali, gaan speel *ibhola* saam met die ander.”

Gogo sê:
Gogo says,



Mali then shows Lesedi how to make a paper plane. They go all around the house swooshing their planes. Oh! They laugh a lot!
Toe wys Mali vir Lesedi hoe om 'n papiervliegtuig te maak. Hulle hardloop en swoesj met hul vliegtuie deur die huis. O! Hulle lag te lekker!

Mali asks Lesedi,

Mali vra vir Lesedi:



“Can I come to your house to play tomorrow?”
“Kan ek môre by jou huis kom speel?”

“Of course you can!”
“Natuurlik kan jy!”

she laughs.

lag sy.




Skoenlappers help plante groei.




Butterflies help plants to grow.

Ek is die son.

I am the sun.




I am the earth.




Ek is aarde.

The bird tells me a story.

Die voël vertel vir my 'n storie.






A big ball in the sky.
'n Groot bal in die lug.



Don't dirty the air and the earth.



Die aarde is 'n groot bal.



Moenie die lug en die aarde vuilmaak nie.

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the *Nal'ibali Supplement*: *I am earth* (pages 5, 6, 11 and 12), *Mali's friend* (pages 7 to 10) and *Timi and the barber* (page 14).

I am earth

In this book, the boy shares with us the different ways in which we are all connected to the planet we live on.

- Think about the things you do that protect the earth. Are there other small things that you could do?
- Then write: **I am earth** on a large sheet of paper and add some of your ideas about how we are all connected to the earth using drawings and/or words.

Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die *Nal'ibali*-bylae gebaseer: *Ek is aarde* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Mali se maat* (bladsye 7 tot 10) en *Timi en die haarkapper* (bladsy 15).

Ek is aarde

In hierdie boek deel die seun verskillende maniere oor hoe ons almal verbind is aan die planeet waarop ons woon.

- Dink oor die dinge wat jy doen om die aarde te beskerm. Is daar ander klein dingetjies wat jy kan doen?
- Skryf dan: **Ek is aarde** op 'n groot vel papier en gebruik tekeninge en/of woorde om jou eie idees by te voeg oor hoe ons almal verbind is aan die aarde.

Mali's friend

- Which of the games in this story do you and your friends play? What other games do you enjoy playing together? On the notepad alongside, write a list of your favourite games to play with friends. (Remember to give your list a heading!)
- Compare your list of games with a friend's list. How are your lists the same and different?
- Why do you think Mali enjoyed playing with Lesedi more than he did playing with the other children? What advice can you give Mali about making friends?

Mali se maat

- Watter van die speletjies in hierdie storie speel jy en jou maats? Watter ander speletjies speel julle graag saam? Skryf op die notaboekie hiernaas 'n lys van die speletjies wat jy die graagste saam met jou maats speel. (Onthou om vir jou lys 'n opskrif te gee!)
- Vergelyk jou lys speletjies met 'n maat se lys. Hoe stem julle lyste ooreen en hoe verskil hulle?
- Waarom dink jy het Mali dit meer geniet om met Lesedi te speel as met die ander kinders? Watter raad kan jy vir Mali gee oor hoe om maats te maak?

Timi and the barber

Timi has hair that grows very quickly! Divide a sheet of paper into eight blocks and write "Today" in the first block. Then write a day of the week in each of the other blocks, starting with "Sunday". In the first block draw a picture of Timi to show what his hair looks like just after he has been to the barber. In each of the other blocks draw a picture of him to show how much his hair grows each day!



Timi en die haarkapper

Timi se hare groei baie vinnig! Verdeel 'n vel papier in agt blokke en skryf "Vandag" in die eerste blok. Skryf dan 'n dag van die week in elk van die ander blokke deur by "Sondag" te begin. Teken in die eerste blok 'n prent van Timi wat wys hoe sy hare lyk sodra hy van die haarkapper af kom. Teken in elk van die ander blokke 'n prent van hom wat wys hoeveel sy hare elke dag groei!



Timi and the barber



By Nndi Chiazor-Enenmor ■ Illustrations by Natalie and Tamsin Hinrichsen

Timi and his mother lived in Mozala Town. There was something very unusual about Timi – his hair! It grew very quickly. It grew so quickly that every Saturday, Timi's mother had to take him to the barber to have his hair cut. And if there was one thing that Timi really didn't like, it was having his hair cut! Haircut time was worry time for Mom because Timi would cry.

"I don't want to have my hair cut!" he always said.

Mom would cuddle him before they set off to the barbershop, but as soon as they arrived, Timi would burst into tears.

Then Mom would have to do all sorts of things to try to get Timi to sit still while he was having his hair cut. Sometimes she would give him some biscuits. Timi loved biscuits, but he would gobble them down and start crying again. Sometimes Mom would break into a dance. She would dance to the left. She would dance to the right. She would shake her body, but Timi just cried and cried.

As soon as Jango, the barber, got ready to cut Timi's hair, Timi got ready to cry even more! First, he would sniffle, then he would sob, and then he would let out a loud cry, "*Hiyaa, hiyaa, hiyaa!*"

"It's only a haircut, Timi. It's not painful," Jango would say, trying to calm Timi down, but that made Timi cry even louder.

Sometimes Jango would sing to comfort Timi, but still Timi kept crying.

One day, Timi cried so loudly that some passers-by peeped into the barbershop to see what would make a boy cry so loudly!

"Oh, my goodness! It is only a young boy having his hair cut," they said.

Timi did not care that people came to stare at him. He cried and cried until Jango had finished cutting his hair.

Another day, he wailed so loudly that Grandma Binite came limping in with her walking stick. She lived next door to the barbershop, but had been woken up from her afternoon nap by Timi's loud wails.

"Oh, my word!" Grandma Binite said. "I thought something terrible was going on!" Then she limped back to her house to get Timi a piece of tasty grilled fish she had made. "I'm sure this will make him stop crying," she thought. But when she gave Timi the fish, he popped it into his mouth, chewed and swallowed ... and then went on crying!



After Timi had left with his mother that day, Jango sat down with a cup of tea and thought and thought. Surely there had to be a way to stop Timi from crying while his hair was being cut! And that's when Jango had his good idea! "That's it! I've solved it," he shouted excitedly.

On Timi's next visit, as soon as Jango took out his scissors, he began to tell Timi a story.

"Once there was a young boy who did not like to get his hair cut, so he let it grow and grow," said Jango. "It grew until his head was full of knotty strands of hair. Soon the knotty strands became twisted together."

"What happened next?" asked Timi, who had stopped crying.

"Flies and other insects decided to make their homes in his hair," continued Jango.

"So, what happened to him?" asked Timi, looking worried.

"The young boy began to pull at his hair and to scratch because the insects that were crawling around on his head made it very, very itchy. He pulled and scratched, and pulled and scratched all day long. Soon, his head and his hands began to hurt from all the pulling and scratching," said Jango.

"Oh, how awful! What happened next?" asked Timi, feeling sorry for the boy.

"His head and hands became swollen," continued Jango. "One day, his mom brought him to my shop. As soon as they got here, he hopped on the chair to have his haircut. He sat still so that I could give him the best haircut ever."

"Really?" asked Timi.

"Oh, yes!" said Jango. "And when I had finished cutting the boy's hair – just as I have done yours now – the boy gave me a very big hug."

Timi looked at his head. His haircut was finished! He had been enjoying the story so much that he hadn't noticed Jango cutting his hair. He jumped out of the chair and gave Jango a big hug.

And do you know what? Timi never cried again at the barbershop because Jango had a new story to tell him at every visit! And Timi's mom was very happy because Jango's stories meant an end to her weekly haircut worries.



Drive your
imagination



Timi en die haarkapper

Storiehoekie

Deur Ndidi Chiazor-Enenmor ■ Illustrasies deur Natalie en Tamsin Hinrichsen

Timi en sy mamma woon in Mozala Town. Daar is iets baie ongewoon aan Timi – sy hare! Dit groei baie vinnig. Dit groei so vinnig dat Timi se mamma hom elke Saterdag haarkapper toe moet vat om sy hare te laat sny. En as daar een ding is waarvan Timi regtig nie hou nie, is dit om sy hare te laat sny! Timi se mamma raak bekommerd as dit tyd is om Timi se hare te laat sny, want dan huil Timi.

“Ek wil nie my hare laat sny nie!” sê hy altyd.

Mamma gee hom gewoonlik ‘n drukkie voordat hulle haarkapper toe gaan, maar sodra hulle daar aankom, bars Timi in trane uit.

Dan moet Mamma allerhande dinge probeer om Timi te kry om stil te sit terwyl sy hare gesny word. Soms gee sy vir hom koekies. Timi is mal oor koekies, maar sodra hy die koekies opgeëet het, begin hy weer huil. Soms begin Mamma sommer ‘n dansie doen. Sy dans ‘n paar treetjies na links. Sy dans ‘n paar treetjies na regs. Sy wikkel haar lyf, maar Timi hou net aan met huil.

Sodra Jango, die haarkapper, gereed maak om Timi se hare te sny, maak Timi gereed om harder te huil! Eers snuif hy, dan snik hy en dan huil hy kliphard: “*Wê, wêe, wêe!*”

“Ek sny net jou hare, Timi. Dis nie seer nie,” sê Jango om Timi te laat bedaar, maar dit laat Timi net harder huil.

Soms sing Jango om Timi te troos, maar Timi hou net aan met huil.

Eendag huil Timi so hard dat ‘n paar mense wat verby loop, by die haarkapper inloer om te sien wat ‘n seuntjie so hard laat huil!

“Goeiste! Dis net ‘n seuntjie wat sy hare laat sny,” sê hulle.

Timi gee nie om dat mense na hom kom staar nie. Hy huil en huil tot Jango sy hare klaar gesny het.

Op ‘n ander dag grens hy so hard dat Ouma Binite met haar kiere ingeskuifel kom. Sy woon langs die haarkapper, maar Timi se gehuil het haar middagslapie versteur.

“Ai, toggie!” sê Ouma Binite. “Ek het gedink iets vreesliks het gebeur!” Toe skuifel sy terug huis toe om vir Timi ‘n lekker stukkie gebraaide vis te gaan haal. “Ek is seker dit sal hom laat bedaar,” dink sy. Maar toe sy vir Timi die vis gee, prop hy dit in sy mond, kou en sluk ... en huil net verder!



Toe Timi en sy mamma daardie dag huis toe gaan, gaan sit Jango met ‘n koppie tee en dink en dink. Daar moet tog ‘n manier wees om te keer dat Timi huil terwyl sy hare gesny word! En dis toe Jango sy blink plan kry! “Ditsem! Ek weet wat om te doen,” roep hy opgewonde.

Toe Timi die volgende keer daar kom, haal Jango sy skêr uit en begin dadelik vir Timi ‘n storie vertel.

“Eendag was daar ‘n seuntjie wat nie daarvan gehou het om sy hare te laat sny nie, en toe laat hy dit groei en groei,” sê Jango. “Dit het gegroei tot sy kop vol gekoekte stringe hare was. Sommer gou het die gekoekte stringe in mekaar vasgedraai.”

“Wat het toe gebeur?” vra Timi, wat ophou huil het.

“Vlieë en ander goggas het besluit om hul neste in sy hare te maak,” gaan Jango voort.

“En wat het toe met hom gebeur?” vra Timi bekommerd.

“Die seuntjie het aan sy hare begin trek en krap, want die goggas wat op sy kop rondgekrui het, het dit vreeslik laat jeuk. Hy het heeldag lank getrek en gekrap, en getrek en gekrap. Gou was sy kop en sy hande seer van al die getrek en gekrap,” sê Jango.

“O, dis aaklig! Wat het toe gebeur?” vra Timi, en voel jammer vir die seuntjie.

“Sy kop en sy hande het opgeswel,” vertel Jango verder. “Op ‘n dag het sy mamma hom na my toe gebring. Toe hy hier kom, het hy op die stoel gespring om sy hare te laat sny. Hy het doodstil gesit sodat ek vir hom die beste haarsny ooit kon gee.”

“Regtig?” vra Timi.

“O, ja!” sê Jango. “En toe ek sy hare klaar gesny het – net soos ek nou joune gesny het – het die seuntjie my ‘n stywe drukkie gegee.”

Timi kyk na sy hare. Sy hare is klaar gesny! Hy het die storie so baie geniet dat hy nie eens agtergekom het Jango sny sy hare nie. Hy spring uit die stoel en gee vir Jango ‘n stywe drukkie.

En weet julle wat? Timi het nooit weer by die haarkapper gehuil nie, want Jango het elke keer vir hom ‘n nuwe storie vertel! En Timi se mamma was baie gelukkig, want met Jango se stories het sy haar nie meer elke week oor Timi se haarsny bekommer nie.



Nal'ibali fun



Neo, Afrika, Bella and Gogo all dream of travelling one day. Read the clues about the kind of places they would like to visit. Then read about four different places in four countries of the world. Which country do you think Neo, Afrika, Bella and Gogo would enjoy? Write the name of the country next to each person.

Bella I love reading stories about queens. I want to explore a city that has an old palace because then I can pretend that I am a queen who lives there! Of course, I want to take Noodle with me too!

Ek hou daarvan om stories oor koninginne te lees. Ek wil 'n stad met ou paleise verken, want dan kan ek maak of ek 'n koningin is wat daar woon! Natuurlik wil ek ook vir Noodle saamneem!

Country/Land: _____

Afrika I love making things. I'd love to explore a place with pyramids that were built long ago, before we had machines.

Ek hou baie daarvan om dinge te maak. Ek sal graag 'n plek wil verken met piramides wat lank gelede gebou is, voor ons masjiene gehad het.

Country/Land: _____

Gogo Nothing is better than a love story. I'm sure I can find some good ones to read in this city.

Niks is beter as 'n liefdesverhaal nie. Ek is seker ek kan goeie liefdesverhale in hierdie stad vind.

Country/Land: _____

Neo I wonder how city's get nicknames. Do you think that people never sleep if they live in The City That Never Sleeps? Won't they get tired if they never sleep? I'd like to go and find the answers to these questions.

Ek wonder hoe stede byname kry. Dink julle dat mense nooit slaap in Die Stad Wat Nooit Slaap nie? Sal hulle nie moeg raak as hulle nooit slaap nie? Ek sal graag daarheen wil gaan en die antwoorde op hierdie vrae wil kry.

Country/Land: _____

Colour in the routes on the map to show which cities Neo, Afrika, Bella and Gogo would have to travel to if they wanted to visit these places. Use a different colour for each person's route. Use the same colour to write the name of the city next to each person's name.


Kleur die roetes op die kaart in om te wys na watter stede Neo, Afrika, Bella en Gogo sal moet reis as hulle hierdie plekke wil besoek. Gebruik 'n ander kleur vir elke persoon se roete. Gebruik dieselfde kleur om die naam van die stad langs elke persoon se naam te skryf.

	City they would travel to/Stad waarheen hulle sal reis
Bella	
Afrika	
Gogo	
Neo	

Nal'ibali-pret

Neo, Afrika, Bella en Gogo droom almal daarvan om eendag te reis. Lees die leidrade oor die soort plekke wat hulle graag wil besoek. Lees dan oor vier verskillende plekke in vier lande in die wêreld. Watter lande dink jy sal Neo, Afrika, Bella en Gogo geniet? Skryf die naam van die land langs elke persoon.

France Paris is the capital of France. You can see the Eiffel Tower in Paris. Paris is well-known for its food and fashion. It is often called the city of love!	Frankryk Parys is die hoofstad van Frankryk. Jy kan die Eiffeltoring in Parys besoek. Parys is baie bekend vir sy kos en modes. Dit word dikwels die stad van die liefde genoem!
China Beijing is the capital of China. This city is more than 3 000 years old! In Beijing you can visit the Great Wall of China and the Forbidden City, which is a 600-year-old palace.	China Beijing is die hoofstad van China. Hierdie stad is meer as 3 000 jaar oud! In Beijing kan jy die Groot Muur van China en die Verbode Stad, wat 'n 600 jaar oue paleis is, besoek.
United States of America New York City is a famous city in the USA. It is also called The City That Never Sleeps. Here you will see the Statue of Liberty and some of the world's tallest buildings.	Verenigde State van Amerika Die stad New York is 'n bekende stad in die VSA. Dit word ook Die Stad Wat Nooit Slaap Nie genoem. Hier sal jy die Vryheidstandbeeld sien en van die wêreld se hoogste geboue.
Egypt Cairo is the capital of Egypt and it is set on the Nile River. People who visit Cairo often visit the nearby pyramids and the Great Sphinx of Giza which are thousands of years old!	Egipte Kaïro is die hoofstad van Egipte en lê langs die Nylrivier. Mense wat Kaïro besoek, besoek dikwels die nabygeleë piramides en die Groot Sfinks van Giza, wat duisende jare oud is!



Antwoorde: Bella – China (Beijing), Afrika – Egipte (Kaïro), Gogo – Frankryk (Parys), Neo – Verenigde State van Amerika (Die stad New York)



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your imagination

